RAADSKOERANT

BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za kontak@volksraad.co.za
Tel: 012 802 4285

Nommer 11 Vrydag 5 Mei 2017

OPROEP

Volksraad: verslaglewering en volksbesluit

Die Volksraad roep volksgenote op na 'n belangrike volksvergadering op Saterdag 3 Junie 2017 om 10:00 by die Paardekraal Monument in Krugersdorp.

By die geleentheid sal die Volksraad DV verslag lewer oor die uitvoering van sy mandaat, en die internasionale gemeenskap se reaksie op die uitnodiging om as bemiddelaar toe te tree tot die Boere-Afrikanervolk se dispuut met die ANC-regering oor die uitvoering van ons reg op territoriale selfbeskikking.

Met die verkiesing van die Volksraad het die kiesers aan die Raad opdrag gegee om die Boere-Afrikanervolk se eis om territoriale selfbeskikking aan die Suid-Afrikaanse regering te stel, en indien die regering nie gunstig daarop sou reageer nie, die internasionale gemeenskap te versoek om as bemiddelaar tot die dispuut toe te tree.

Die Volksraad het dié opdrag uitgevoer en sy mandaat afgehandel. Daarmee het die huidige Volksraad se termyn tot 'n einde gekom.

Die volk moet nou besluit hoe verder opgetree moet word om uitvoering van ons onbetwisbare reg op selfbeskikking te verkry. **Met die oog hierop word individue en volksorganisasies versoek om u voor te berei deur biddend en ernstig te besin oor voorstelle vir verdere optrede wat u by dié geleentheid wil voorlê, en oor die mandaat wat aan 'n volgende Volksraad gegee moet word**.

Die Voorsitter van die VVK sal ook aan die vergadering besonderhede meedeel van 'n volgende Volksraadsverkiesing, sou die volk besluit dat 'n verkiesing wel gehou moet word.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

VOLKSRAADKENNISGEWING

Klag teen Jacob Zuma

Die S.A. Menseregtekommissie (SAMRK) het op 8 Maart 2017 sy bevinding op die klag van haatspraak en aanhitsing tot rassehaat wat die Volksraad en die HNP op 21 Januarie 2016 teen Jacob Zuma by dié instelling gelê het, bekendgemaak. Die klag is aanhangig gemaak na aanleiding van Zuma se uitlating dat die Blankes die grond van Suid-Afrika by die Swartes sou gesteel het. Soortgelyke klagte is ook deur die Vryheidsfront Plus en 'n individu, ene Stander, gelê. Aangesien die klagte dieselfde of soortgelyk is, het die SAMRK die drie klagte gekonsolideer.

Ná 'n beredenering van twaalf bladsye het die SAMRK onder meer tot die volgende bevindings gekom:

"*The Commission notes that the statements forming the subject matter of the complaint may have been insensitively or poorly phrased, and that the manner in which such statement was expressed does not contribute to racial coheslon amongst South Africans. However, the contents of the statement in principle were expressed within the context of addressing deep-seated issues that continue to face the country as a direct result of historical policies. While the contents of the statement have demonstrably caused offence to persons belonging to a particular racial group and undeniably bear the potential to infringe on the dignity of these persons, it must be reiterated that mere offence is alone insufficient to justify a prohibition of speech.*

Upon an in-depth consideration, the Commission is satisfied that the statement is unlikely to cause the serious and significant hurt or harm to White persons as required by the law, and it is further unlikely to promote or propagate hatred. On this basis, the Commission is unable to find that the statement in question constitutes hate speech.

In the circumstances of the current complaint, the Commission is unable to make a finding of a human rights violation, and will accordingly proceed to close its file herein."

Die Volksraad, HNP en Vryheidsfront het gesamentlik teen die bevinding geappelleer, Hulle word met die appèl bygestaan deur adv. Roelof du Plessis, SC.

Die SAMRK het die appellante verwittig dat dit weens werksdruk 'n geruime tyd sal duur voordat die appèl oorweeg sal word.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 5 Mei 2017

VOLKSRAADKENNISGEWING

'n Eie volksrepubliek noodsaaklik

Die posisie waarin die Boere-Afrikanervolk sedert 1994 verkeer, skep 'n groter bedreiging vir die voortbestaan van ons volk as te eniger tyd in ons geskiedenis.

Terwyl Suid-Afrika (die erkende swart gebiede uitgesluit) histories aan die witman behoort en geen ander volk 'n aanspraak daarop het nie, het ons volk geen politieke gesag oor selfs 'n enkele vierkante meter van ons eie land nie, omdat die land deur meer as 50 miljoen swartes, aan wie die politieke gesag deur De Klerk se verraad oorgegee is, oorstroom is.

Dié toestand het ontwikkel deurdat die swartes se getalle in ons land sedert die vroegste tye net toegeneem het — dit het nooit minder geword nie. Om te hoop dat hulle een of ander tyd vanself gaan verdwyn, is wensdenkery. 'n Ernstige soeke na oorlewingsmoontlikhede vir ons volk, kan nie op sulke dromery gebou word nie.

Méér ontstellend as die toename in swart en ander gekleurdes se getalle, is die dalende aanwas van die blankes en dus ook die Boere-Afrikanervolk. Demografiese feite en projeksies bevestig dié tendens en toon dat, indien dit voortduur, die blankes binne afsienbare tyd 'n onbenullige minderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking sal uitmaak.

Menslik gesproke is daar geen manier waarop die blankes weer die politieke mag oor Suid-Afrika kan herwin nie — in elk geval nie vreedsaam nie.

Bowendien wil ons nie weer oor andervolkiges regeer nie, en selfs al sou ons argumentsonthalwe daarin slaag om die mag met geweld oor te neem, is dit ondenkbaar dat die swartes daarin sal berus om onder 'n wit minderheidsregering te staan. Sedert die omwenteling van 1994 het 'n nuwe geslag swartes grootgeword wie se denke vergiftig is met 'n beeld van die geskiedenis en grondbesit wat totaal van ons s'n en selfs van die ou geslag swartes s'n verskil.

In 'n vorige era, toe die witman volle politieke gesag oor ons hele land gehad het, was dit ondenkbaar om ons land prys te gee in ruil vir 'n kleiner "volkstaat". In die teenswoordige omstandighede is terugkeer na die oorspronklike Voortrekkerideaal van 'n eie republiek waar ons onsself onder 'n Christelike grondwet regeer, 'n lewensnoodsaaklike voorwaarde vir ons voortbestaan as volk. Die alternatief is verswelging deur die swart massa.

Wanneer vryheid vir ons volk op dié basis deel word van die praktiese politieke agenda sal nuwe grense getrek word om op die vaderlandse bodem wat ons dan vir onsself afbaken, 'n ware tuiste vir ons volk te bied, vry van vreemde oorheersing.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 5 Mei 2017

Die Vaste Fondament

Alleenlik, gedra julle waardig die evangelie van Christus... dat julle in een gees vasstaan en, een van siel, saamstry vir die geloof van die evangelie, en dat julle jul in geen opsig laat afskrik deur die teëstanders nie. Dit is vir hulle wel 'n bewys van verderf, maar vir julle van redding, en dit van God; omdat dit aan julle terwille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly.

Fil. 1:27-29